# NOTULE VAN BESTUURSVERGADERING VIR RUSTENBURGBELASTINGBETALERSVERENIGING GEHOU TE SANLAM OP 4 MEI 2010 OM 18H00

1. VERWELKOMING

Johan Schoeman heet almal welkom en bedank almal vir hulle bereidwilligheid om vergadering by te woon.

2. VERSKONINGS

Joe Strydom, Charlie Graham, Connie Prinsloo en Constant Hoogkamer het geskakel en verskoning gemaak.

3. TEENWOORDIG

Hennie Joubert, Stephan Naude, Judy Klue, Johan de Klerk, Johan Schoeman, Baboo, Yunus Ally, Francois Dyminy, Pieter Malan, Quinton (Boitekong) en John (Boitekong)

4. VERWELKOMINGS

Mnr Shcoeman heet Stephan Naude welkom van die Landbou sakekamer.

5. ALGEMEEN

Mnr Schoeman deel ook mee dat Ann Trusler van die Besigheidskamer en ene Quinton van die Boitekong hulle gaan aansluit by die organisasie. Johan sal ook poog om te kyk of daar gereël kan word met die Rustenburg Rugby Klub vir die volgende openbare vergadering, anderste die Skougronde.

Daar word ook weer 'n versoek gerig dat almal moet poog om lede vir die RBBV te werf.

6. TERUGVOER

6.1. Die mense moet aansluit om klagtes te kan indien by die RBBV.
6.2. Die dorp moet in wyke verdeel word, en die raadslede van die wyke moet ook betrek word.

7. BESPREKINGS

7.1. PROBLEME

7.1.1. Daar is 'n riool probleem by die Sitrus Pakhuis, en die Kooperasie kan gesluit word, weens die probleem en dan sal al die boere skade ly. Stephan Naude word versoek om alle boere te nader wat die pakhuis gebruik, om ook by die RBBV aan te sluit. Die probleem is ook herhaaldelik met die Munisipaliteit opgeneem, maar nog geen oplossing of terugvoer is gevind nie.

7.1.2. Daar is ook Riool wat op verskeie plekke in die dorp uitstoot, bv. By Nashua and Bergsig

7.1.3. Wie moet aanspreeklik gehou word vir die slaggate en slegte toestand van paaie.
7.1.4. "Manholes" wat oop staan, en die feit dat die deksels gesteel word en verkoop word as skroot.
7.1.5. Rommel en vullis in Helen Joseph straat. Die saak is al met Andries Boshoff bespreek maar geen beloftes is nagekom nie.
7.1.6. Sig wat versper word op hoekerwe, soos klippe wat op sypaadjies geplaas word, - Daar is nog 'n verkeersordonansie.
7.1.7. Zinniaville en Boitekong het ook 'n probleem met afval en vullis wat ooral gestort word en nie verwyder word nie. Daar was ook reeds verskeie versoeke hierrondom aan die Munisipaliteit gerig.
7.1.8. Probleem met bedelaars by BP Garage. Die Polisie is ook al ingeroep vir die mense maar dit blyk steeds 'n probleem te wees.
7.1.9. Riool probleem by Villa Ronda naby die N4, Waterfall Mall area.
7.1.10. Verlang motivering waarom Burgermeester se oorsese reis. Hier is genoegsame mense in ons eie land wat die nodige kennis het om probleme op te los.
7.1.11. Daar is mense wat sukkel om gelde terug te kry vanaf die Stadsraad vir kostes te veel geeis.
7.1.12. Elektriese en Riool probleme is op die voorstoep van die Munispaliteit. By die Elektriese Afdeling te Boschstraat.
7.1.13. Storting van vullis by besighede en woonstelle op sypaadjies wat nie deur die Munisipaliteit verwyder word nie.

7.2. OPLOSSINGS

7.2.1. Johan Schoeman stel voor dat daar wyksbyeenkomste gehou word, in die vorm van straatbraaie.
7.2.2. Rondom die rommel in Helen Joseph is voorgestel dat daar 'n Omgewings persoon aangestel word wat sal reël en toesien tot die verwydering van uitheemse plante en dat die Bou- en Gesondheids Inspekteurs sal toesien dat die nodige wetgewing toegepas moet word rondom mense wat vullis en bourommel in Helen Josephstraat strooi. sal verwyder
7.2.3. Raadslid vergaderings moet belê word ten einde die mense ook te betrek.
7.2.4. Voorstel dat alle uitbreidings gestaak moet word, tot die huidige probleme opgelos is, en daar 'n goeie plan op die tafel is vir die inskakeling van Riool systeme by die huidige systeme. Dit geld ook vir die Elektrisiteit probleem.
7.2.5. Daar is ook 'n tender wat oop ingedien kan word vir die verwydering van vullis en die herverwerking van afval produkte. (Waist to Energy Plant) Ons moet poog om ons eie energie te verwek deur die hergebruik van afval produkte.
7.2.6. Stephan Naude bevestig dat die TLU nie belasting betaal op diens nie, en stel voor dat die RBBV dieselfde pad moet loop. Dit is ook beter om hulle by die wette te hou wat hulle ingestel het.
7.2.7. Plekke moet ingeruim word vir plasing van vullis by besighede en woonstelle.
7.2.8. Die nodige kundiges is op ons voordeur ons moet hulle net nader vir die herstel van paaie. Mense wat in poste is sonder die nodige kundigheid moet uitgesorteer word.

7.3. ONTMOETING MET DA

7.3.1. Daar was 'n ontmoeting met Elln Ziller en haar span en sy het voorgestel dat ons 'n vergadering met die DA belê ten einde hul hulp ook te verkry.
7.3.2. Daar sal gepoog word om voor die sluiting van die skole 'n vergadergin te belê. Dit sal wees Maandag 17 Mei of Donderdag 20 Mei.
7.3.3. Johan Schoeman sal poog om een van die skoolsale te kry vir die vergadering.

8. VERGADERING MET BURGERMEERSTER

8.1. Daar is 'n afspraak vir Vrydag 10h00 gereël met die Burgermeester. Johan versoek dat hulle nie dadelik die vrou moet aanvat nie, maar eers kalm benader. Lede wat bevestig het dat die vergadering bygewoon sal word is: Francois Duminy, Quinton (Boitekong) Baboo, Johan Schoeman en Johan de Klerk.

9. AFSLUITING

Mnr Schoeman bedank almal vir hul teenwoordigheid en verdaag die vergadering.

GETEKEN TE RUSTENBURG OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 2010.

_____